

Private Consumption Expenditure in South Africa, 1947-1963

by

B. P. GROENEWALD and A. D. KOCK

1. Total Private Consumption Expenditure



The estimates of private consumption expenditure at current prices, presented in Table I,* reveal a remarkably steady increase from R1,423 million in 1947 to R4,197 million in 1963, or an annual average growth rate of 7 per cent. The decline in the rate of increase in the years 1949, 1956 and 1961 is to a large extent attributable to factors such as the devaluation of the South African currency in 1949, import control regulations, more stringent hire-purchase measures, etc. If provision is made for an increase of 2.3 per cent per annum in the population, the consumption per capita increased at an average rate of 4.7 per cent per annum.

If allowance is made for the effect of the price factor, private consumption expenditure measured at 1958 prices, increased from R2,130 million in 1947 to R3,852 million in 1963, or at an average annual rate of about 3.8 per cent, (see Table II). Real private consumption expenditure per capita consequently increased during the sixteen years under discussion at an average annual rate of about 1.5 per cent.

The price index of goods and services actually consumed during each year, which is obtained by dividing total consumption expenditure in the domestic market at current values by the corresponding figures for real consumption, shows an annual increase of 3.2 per cent, which compares favourably with an increase of about 3.3 per cent per annum in the official consumer price index. From this it would appear that the official price index has been a reliable indicator of the price component in total private consumption expenditure.

If the direct estimates of private consumption expenditure are expressed as a percentage of gross domestic and national expenditure, it appears that private consumption expenditure accounted for an approximately constant share of gross domestic expenditure, while as a percentage of gross national expenditure it showed a persistent tendency to decline. The difference may be explained by the fact that the current account of the balance of payments changed from a large current deficit in the post-war period to a substantial surplus in recent years.

2. Private Consumption Expenditure According to Different Types of Goods and Services

The expenditure on food (Class 1) was by far the most important item of consumption, amounting to R1,148 million or 27.4 per cent of total consumption expenditure at current prices, in 1963. As can be seen from the information in Table III, considerable variations occurred from year to year in the expenditure on food in relation to total private consumption expenditure, and this must be attributed largely to changes in the price of food. The share of food in total consumption expenditure at constant prices shows a continuous decline from about 32 per cent in 1947 to about 29 per cent in 1963, which is in agreement with the general principle that, as income increases, proportionately less will be spent on food.

The expenditure on transportation and communication (Class 10) was second in importance in 1963, and amounted to no less than R580 million or 13.8 per cent of total private consumption expenditure, compared with R151 million or 10.6 per cent in 1947. This item is characterised by considerable fluctuations caused by, *inter alia*, the availability of new motor cars after the Second World War and the sensitivity of expenditures on durable goods to changes in general economic conditions.

While the expenditure on clothing, footwear and personal effects, which until 1956 was second in importance, declined from about 14 per cent of total expenditure at current prices in 1947 to 12.5 per cent in 1963, its relative share at constant prices improved, and this indicates that the prices of these goods rose at a lower rate than the prices of consumption goods in general.

From the information in Table III it appears that the other expenditure items, viz. the expenditure on beverages, tobacco, fuel and light and household operation more or less maintained their relative shares in the total. On the other hand the expenditure on rent, rates and water charges, personal care and health and miscellaneous services became relatively more important, while the expenditure on furniture and furnishings and recreation and entertainment declined. The relative decrease in the share of recreation and entertainment may be attributed to the abnormal conditions of

* Tables I—V appear on pages xxvii—xxxiv.

high liquidity and the scarcity of goods which prevailed after the Second World War and which had a strong influence on consumption expenditure in general and on recreation and entertainment in particular. The expenditure on personal care and health apparently became more important as medical services improved, while the sharp increase in the number of buildings completed was responsible for the increase in the relative importance of rent, rates and water charges. The share of miscellaneous services increased mainly because of more comprehensive education services and the growing importance of services rendered by banking institutions and building societies.

From the information in Table IV it may be concluded that the share of the real expenditure on clothing, footwear and personal effects and transportation and communication increased during the sixteen years 1947 to 1963, while the real consumption expenditure on food and furniture and furnishings decreased slightly in relative importance, and the real expenditure on the remaining expenditure items more or less maintained their relative positions.

3. Private Consumption Expenditure According to Durable and Non-Durable Goods and Services

In Table V private consumption expenditure at current prices is classified according to durable and non-durable goods and services, while the percentage distribution is presented in Table A below.

Table A: Percentage Distribution of Total Consumption Expenditure in the Domestic Market on Durable and Non-Durable Goods and on Services, 1947-1963

Year	Durable Goods	Non-Durable Goods	Services	Total
1947	11.8	59.9	28.3	100.0
1948	15.0	57.9	27.1	100.0
1949	12.7	59.7	27.6	100.0
1950	11.3	60.3	28.4	100.0
1951	13.2	59.6	27.2	100.0
1952	11.6	61.5	26.9	100.0
1953	11.8	61.5	26.7	100.0
1954	12.2	60.6	27.2	100.0
1955	13.2	59.5	27.3	100.0
1956	12.6	59.7	27.7	100.0
1957	13.5	58.7	27.8	100.0
1958	14.1	58.0	27.9	100.0
1959	13.4	58.2	28.4	100.0
1960	13.4	58.0	28.6	100.0
1961	12.1	58.3	29.6	100.0
1962	12.1	58.0	29.9	100.0
1963	13.5	57.2	29.3	100.0

The information in these two tables show that the expenditure on durable consumption goods increased from R169 million in 1947 to no less than R563 million in 1963, or from approximately 12 per cent to 13.5 per cent of total private consumption expenditure in the domestic market. The fluctuations in private consumption expenditure on durable goods during the past eight years were influenced largely by the demand for and availability of new motor cars, and in the years just after the Second World War, by the demand for furniture and furnishings.

The relative importance of the expenditure on non-durable goods decreased from 59.9 per cent or R855 million in 1947 to 57.2 per cent or R2,385 million of total consumption expenditure in the domestic market in 1963. This is mainly due to the decrease in the relative importance of expenditure on clothing, footwear and personal effects.

As might have been expected, the expenditure on services increased from 28.3 per cent or R402 million of total consumption expenditure in the domestic market in 1947 to 29.3 per cent or R1,226 million in 1963.

4. Concepts and Methods

The estimates of private consumption expenditure in South Africa, presented in Table XXXIA of this *Quarterly Bulletin*, have been obtained as a residual within the framework of the national accounts. Due to the need for more details regarding the different components of private consumption expenditure as well as the necessity for controlling the reliability of the calculations in respect of the other national income and expenditure items, private consumption expenditure have now been estimated on a direct basis.

The first direct estimates of private consumption expenditure for the period 1951 to 1959 were published in the *Quarterly Bulletin of Statistics* during 1960.¹ Subsequent to the publication of these preliminary estimates, two further studies² were completed, in which direct estimates of private consumption expenditure were presented for South Africa at current and constant prices from 1947 to 1962. The present article is based on the work embodied in these studies and further research carried out by the

- 1) J. C. du Plessis and L. W. A. Nel: Private Consumption Expenditure in the Union of South Africa, 1951-1959, Supplement to the *Quarterly Bulletin of Statistics*, December, 1960.
- 2) L. W. A. Nel: *Private Verbruikersuitgawe op Goedere in Suid-Afrika, 1947-1959*, unpublished D.Com. Thesis, University of Pretoria, 1963 and A. D. Kock: *Private Verbruiksbesteding op Dienste in Suid-Afrika, 1947-1962*, unpublished M.Com. Thesis, University of Pretoria, 1964.

Economic Department of the Reserve Bank. Furthermore the estimates have been adjusted to cover South West Africa and the High Commission Territories.

The direct estimates of private consumption expenditure as shown in Table I differ from those obtained as a residual in the national accounts, *inter alia*, on account of the fact that the gross domestic product and the direct estimates of consumption are not strictly calculated according to the same principles. If the estimates of the domestic product are adjusted to make allowance for the difference in the treatment of expenditure items such as, imputed service charges in the case of banks and building societies and imputed rent on farm houses, the residual item and the direct estimate correspond more closely.

A short explanation of some of the most important concepts and methods of calculation used, follows.

Private consumption expenditure at current prices is the current expenditure of households and private non-profit organisations who are permanent residents of the country, on final consumption goods and services at market prices. Current expenditure includes the purchase of all new goods and services (with the exception of land and buildings), and also the profit margin on the sales of secondhand goods and the administrative and/or operating expenditure of non-profit institutions which serve households.

Private consumption expenditure at constant prices is the total current expenditure as defined above, expressed or valued at the market prices of a given year.

Private consumption expenditure in the domestic market is equal to private consumption expenditure as defined above, adjusted for the

expenditure of permanent residents abroad, the expenditure of non-residents in the country and the value of gifts *in kind* sent and received from abroad.

Durable consumption goods are those which usually have a life of one year or more. In accordance with overseas practice, jewellery, watches, books, etc., are regarded as durable goods.

Non-durable consumption goods are goods which usually have a life of less than a year. According to convention, the expenditure on clothing, footwear and travel goods are included under non-durable goods.

The methods used in the estimation of private consumption expenditure at current prices vary greatly from one item to another but are based mainly, on (a) the *Retail Valuation Method*, i.e. statistics of quantities reaching consumers valued at the appropriate prices; (b) the *Commodity Flow Method*, which consists essentially of adjusting statistical series of domestic production and imports to make allowance for exports, the mark-up attributable to transport and the distribution trade, and purchases by business and government, and (c) the *Distribution Census Method*, whereby an appropriate expenditure bench-mark determined for the census year is extrapolated by means of an appropriate index.

Private consumption expenditure at constant prices is obtained by extrapolating the expenditure on the different components in the base year, i.e. 1958, on the basis of appropriate volume indices, or by deflating the expenditure at current prices by appropriate price indices. In cases where appropriate price or volume indices are not available, expenditure is deflated by the consumers' price index, but the items in question account for less than 5 per cent of total consumption expenditure in 1958.

Veranderings in die Buitelandse Laste en Bates van Suid-Afrika gedurende 1963

deur

C. L. STALS en D. J. UYS

1. OPSOMMING

Nieteenstaande die kapitaaluitvloeiing wat gedurende 1963 in die betalingsbalans aangeteken is, het Suid-Afrika se totale buitelandse laste met ongeveer R30 miljoen toegeneem tot R3,053 miljoen teen die einde van daardie jaar. Die uitwerking van die kapitaaluitvloeiing op die land se buitelandse laste is dus meer as uitgekanselleer deur die herbelegging van winste deur buitelandsebeheerde maatskappye in Suid-Afrika.

Die totale buitelandse belegging in Suid-Afrikaanse ondernemings wat vanaf die buitelandse beheer word, het toegeneem vanaf 58 persent van die totale buitelandse laste in 1956 tot 65 persent in 1963. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die vreemde kapitaal wat gedurende die afgelope vyf jaar uit die land onttrek is, merendeels „onregstreekse belegging” was, terwyl „regstreekse belegging” in Suid-Afrika steeds toegeneem het.

Die Verenigde Koninkryk se totale belegging in Suid-Afrika het verder tot R1,855 miljoen toegeneem en was teen die einde van 1963 vir meer as 60 persent van die totale buitelandse belegging verantwoordelik. Toenames het ook voorgekom ten opsigte van Ander Sterlinggebiedlande, Wes-Europese vasteland en „Ander” lande, terwyl kontraktuele terugbetalings op uitstaande lenings afnames in Suid-Afrika se totale laste teenoor die Verenigde State van Amerika en Internasionale Organisasies veroorsaak het.

Die totale belegging van Suid-Afrikaanse inwoners in buitelandse bates het met R128 miljoen tot R1,450 miljoen teen die einde van 1963 toegeneem. Die goud- en buitelandse valutareserwes was verantwoordelik vir R87 miljoen van hierdie totale toename en dit is ook ’n weerspieëling van Suid-Afrika se gunstige betalingsbalans vir 1963. Buitelandse bates in besit van Suid-Afrikaanse inwoners, met die uitsluiting van die Regering, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die handelsbanke het gedurende die jaar met R45 miljoen toegeneem, hoofsaaklik by wyse van beleggings in ondernemings in die buiteland wat vanaf Suid-Afrika beheer word. Verlede jaar se toename van R128 miljoen stoot die totale styging in buitelandse bates oor die afgelope drie jaar op tot die aansienlike bedrag van R552 miljoen. Die verhouding van Suid-Afrika se totale buitelandse bates tot sy totale buitelandse laste het toegeneem vanaf net 29½ persent in 1956 tot ongeveer 47½ persent in 1963.

Daar is ook klein toenames aangeteken ten

opsigte van die meerderheid van die lande waarin Suid-Afrika oor buitelandse bates beskik. Van die totale buitelandse bates van R692 miljoen in besit van die Suid-Afrikaanse private sektor teen die einde van 1963, word ongeveer 49 en 30 persent verteenwoordig deur beleggings in die voormalige Federasie van Rhodesië en Njassaland en in die Verenigde Koninkryk, onderskeidelik.

2. DIE BETEKENIS VAN SUID-AFRIKA SE BUITELANDSE LASTE EN BATES

Die buitelandse laste soos in staat 1¹ vervat, is ramings van die totale waarde van die netto opgehoopte belegging deur buitelanders in Suid-Afrika soos teen die einde van elk van die jare 1956 tot 1963, terwyl die buitelandse bates in staat 2 vervat, die totale waarde van die netto opgehoopte belegging van Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland oor dieselfde tydperk verteenwoordig. Hierdie beleggings word meestal in die vorm van aandeelkapitaal en finansiële eise, soos lenings, deposito's en lopende rekenings,² gehou.

Ten einde die buitelandse laste of buitelandse bates opsommenderwys voor te stel, word die waardes van al die verskillende soorte laste bymekaar getel om sodoende op ’n enkele som vir die totale buitelandse laste uit te kom. Dieselfde geld vir die buitelandse bates. Volgens staat 1 het Suid-Afrika se totale buitelandse laste R3,053 miljoen teen die einde van 1963 bedra en volgens staat 2 het die land se totaal aan buitelandse bates R1,450 miljoen op dieselfde datum beloop. Hierdie gegewens moet egter in die lig van die onderstaande opmerkings gesien word.

Eerstens moet daar op gelet word dat verskeie poste, wat fundamenteel van geaardheid verskil, bymekaar getel is. In die geval van buitelandse bates, byvoorbeeld, is die waarde vir plase en ander vaste eiendom wat in die buiteland deur Suid-Afrikaanse inwoners besit word en die goud- en buitelandse valutareserwes van Suid-Afrikaanse banke bymekaar getel om die totaal te verkry.

Tweedens is die verskeie poste wat bymekaar getel word, nie op ’n eenvormige basis gewaardeer nie. So byvoorbeeld word, in die geval

1) State 1 en 2 verskyn op bladsye xliii tot l.

2) Vir die doeleindes van staat 2, word die goudreserwes gehou deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die handelsbanke ook as ’n buitelandse bate beskou.

van buitelandse laste, alle gewone aandele gehou deur buitelanders in Suid-Afrikaanse maatskappye wat buitelandse beheer is, teen nominale waarde plus 'n eweredige gedeelte van die reserwes opgeneem, terwyl aandele gehou deur buitelanders in Suid-Afrikaanse maatskappye wat deur plaaslike inwoners beheer word, teen nominale waarde of teen die Desember 1956 markpryse, indien genoteer op die Effektebeurs, ingesluit word.

Derdens is poste met uiteenlopende likwiditeitsienskappe saamgegroepeer. Sommige poste kan alleenlik teen 'n aansienlike verlies gerealiseer word, indien enigsins, terwyl ander, byvoorbeeld buitelandse deposito's by Suid-Afrikaanse banke volgens algemene maatstawwe, ten volle likwied is.

Die totale buitelandse lastesifer, naamlik R3,053 miljoen, kan derhalwe nie beskou word as die huidige waarde van die totale buitelandse fondse wat in Suid-Afrika belê is soos op 31 Desember 1963 nie. Dit verteenwoordig nóg die bedrag wat deur buitelanders uit die land onttrek kan word, nóg die netto som van vreemde fondse wat oor die jare die land binnegevoel het. Dit moet eerder beskou word as 'n benaderde aanduiding van die omvang van buitelandse belegging in die totale binnelandse kapitaalbelegging. Kennis van die omvang en struktuur van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates is ook nuttig om die land se internasionale ekonomiese verhoudinge na reg te kan waardeer.

In die lig van die eenvormige basis van waardering van die betrokke poste van jaar-tot-jaar verleen die syfers 'n aanduiding van die langtermyn neigings in Suid-Afrika se buitelandse laste en bates. Dit is aldus belangrik om daarop te let dat Suid-Afrika se totale buitelandse laste met net 11 persent toegeneem het gedurende die sewe jaar vanaf end 1956 tot end 1963 terwyl die land se totale buitelandse bates met ongeveer 18 persent gedurende dieselfde tyd-

perk gestyg het. Hierdie ontwikkeling het veroorsaak dat Suid-Afrika se totale buitelandse bates toegeneem het vanaf net 29½ persent van die land se totale buitelandse laste in 1956 tot ongeveer 47½ persent in 1963.

3. VERANDERING IN BUITELANDSE LASTE GEDURENDE 1963

Geringe toename in totale buitelandse laste

Nadat dit vir twee agtereenvolgende jare afgeneem het, het Suid-Afrika se totale buitelandse laste gedurende 1963 weer toegeneem en aan die einde van daardie jaar R3,053 miljoen beloop vergeleke met R3,023 miljoen aan die einde van 1962. Hierdie toename van R30 miljoen is veroorsaak deur stygings van R10 miljoen en R20 miljoen, onderskeidelik, in die buitelandse laste van die offisiële en private sektore.

Tabel 1 — Totale Buitelandse Laste van die Offisiële en Private Sektore

(R miljoene)

Einde van jaar	Offisiële sektor	Private sektor	Totaal	Verandering in totaal
1956	322	2,468	2,790	
1957	343	2,479	2,822	+ 32
1958	411	2,584	2,995	+173
1959	419	2,630	3,049	+ 54
1960	445	2,629	3,073	+ 24
1961	455	2,583	3,038	— 35
1962	417	2,606	3,023	— 15
1963	427	2,626	3,053	+ 30

Uit 'n noukeuriger ondersoek van die syfers in staat 1 blyk dit dat die buitelandse laste van Suid-Afrikaanse ondernemings, wat deur buitelanders beheer word, gedurende 1963 met R53 miljoen toegeneem het, terwyl dié van ander Suid-Afrikaanse inwoners met R23 miljoen afgeneem het. Dit weerspieël 'n voortsetting van die neiging tot afname in die relatiewe belangrikheid van onregstreekse buitelandse belegging in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Tabel 2 — Totale Buitelandse Laste van die Regstreekse en Onregstreekse Belegging Sektore
(R mil joene)

Einde van jaar	Regstreekse belegging sektor			Onregstreekse belegging sektor			Totaal		
	Langtermyn	Korttermyn	Totaal	Langtermyn	Korttermyn	Totaal	Langtermyn	Korttermyn	Totaal
1956	1,329	289	1,618	1,020	152	1,172	2,349	441	2,790
1957	1,391	279	1,670	991	161	1,152	2,382	440	2,822
1958	1,471	338	1,809	991	195	1,186	2,462	533	2,995
1959	1,514	341	1,855	1,007	187	1,194	2,521	528	3,049
1960	1,559	314	1,873	985	215	1,200	2,544	529	3,073
1961	1,543	318	1,861	953	224	1,177	2,496	542	3,038
1962	1,601	316	1,917	903	203	1,106	2,504	519	3,023
1963	1,624	346	1,970	852	231	1,083	2,476	577	3,053

Die vermindering van onregstreekse buitelandse belegging in die land wat gedurende die laaste vyf jaar ondervind is, is meer as oorskry deur regstreekse buitelandse beleggings wat teen 'n gemiddelde van omtrent R50 miljoen per jaar sedert 1956 toegeneem het.

Gedurende 1963 was daar 'n belangrike verskil in die gedrag van langtermyn buitelandse laste (d.i. met 'n oorspronklike looptyd van meer as twaalf maande) en korttermyn buitelandse laste; eersgenoemde het met R28 miljoen afgeneem terwyl laasgenoemde met R58 miljoen toegeneem het. Dit is moontlik dat 'n groot deel van die laasgenoemde styging in die vorm van handelskrediete voorgekom het en dus met die aansienlike toename in Suid-Afrika se invoere gedurende 1963 in verband gebring kan word.

Toename in regstreekse belegging laste

Herbelegde winste wat volgens staat 1 gedurende 1963 met R61 miljoen³ toegeneem het, het weereens 'n vernames rol gespeel in die styging van die buitelandse laste van Suid-Afrikaanse ondernemings wat deur buitelanders beheer word. Soos hieronder genoem sal word, is die herbelegde winste nie as 'n kapitaalinvloeiing in die Suid-Afrikaanse betalingsbalans aangetoon nie en dit is een van die hoofredes waarom die land se buitelandse laste toeneem ten spyte van die aansienlike kapitaaluitvloeiinge wat gedurende die laaste vyf jaar ondervind is.

Afgesien van die styging in onverdeelde winste en reserwes het betekenisvolle veranderinge ook voorgekom in verbande en ander langtermyn lenings asook in korttermyn laste verskuldig aan buitelanders deur Suid-Afrikaanse ondernemings wat in die regstreekse belegging sektor geklassifiseer is. Eersgenoemde het met R27 miljoen afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van aansienlike kontraktuele terugbetalings op uitstaande lenings, terwyl laasgenoemde met R27 miljoen toegeneem het.

Afname in onregstreekse belegging laste

Die afname van slegs R23 miljoen in onregstreekse buitelandse belegging skyn relatief klein te wees vergeleke met die aansienlike kapitaaluitvloeiinge wat gedurende 1963 deur middel van transaksies op die Johannesburgse Effektebeurs plaasgevind het. Dit is toe te skryf aan die feit dat 'n deel van die opbrengs van die netto verkope van Suid-Afrikaanse sekuriteite deur buitelanders aan Suid-Afrikaanse inwoners nie gedurende die jaar gerepatrieer is nie, maar belê is in die spesiale geblokkeerde rand-effekte van die Regering of gedeeltelik geblokkeer is in rekening by handels-

banke. Alhoewel hierdie buitelandse fondse van die Suid-Afrikaanse private sektor onttrek is, is dit slegs oorgeplaas na die offisiële sektor en het derhalwe nie die land se totale buitelandse laste verminder nie. Die afname van die buitelandse laste is ook minder as die geraamde kapitaaluitvloeiing vir 1963 as gevolg van die verskil in die basis van waardering vir die twee stelsels.

Langtermyn buitelandse laste in die vorm van onregstreekse belegging het egter gedurende 1963 met R51 miljoen afgeneem maar dit is gedeeltelik goedgemaak deur die bogenoemde toename van R27 miljoen in korttermyn buitelandse laste.

Verandering in buitelandse laste volgens land

'n Opsomming van die Suid-Afrikaanse buitelandse laste teenoor verskillende lande en Internasionale Organisasies, soos aan die end van 1962 en 1963, word in tabel 3 aangetoon.

Tabel 3 — Buitelandse Laste volgens Land, 1962 en 1963 (R miljoen)

Land	Einde 1962	Einde 1963	Verandering
Verenigde Koninkryk	1,825	1,855	+30
Ander Sterlinggebiedlande	177	185	+ 8
Verenigde State van Amerika	336	324	-12
Wes-Europese vasteland ..	458	464	+ 6
Ander lande	64	73	+ 9
Internasionale Organisasies	163	152	-11
Totaal ..	3,023	3,053	+30

Die Verenigde Koninkryk se totale belegging in Suid-Afrika het gedurende die jaar met R30 miljoen toegeneem tot 'n totaal van R1,855 miljoen. Die Verenigde Koninkryk is Suid-Afrika se belangrikste buitelandse „krediteur”, die aandeel van Britse beleggers verteenwoordig meer as 60 persent van die totale buitelandse belegging aan die einde van 1963. Toenames van R8 miljoen, R6 miljoen en R9 miljoen is aangeteken in die totale belegging in Suid-Afrika deur Ander Sterlinggebiedlande, die Wes-Europese vasteland en „Ander” lande, onderskeidelik, terwyl Suid-Afrika se laste teenoor die Verenigde State van Amerika en Internasionale Organisasies afgeneem het met R12 miljoen en R11 miljoen, onderskeidelik. In die geval van die Verenigde State is terugbetalings van meer as R27 miljoen aan offisiële en private langtermyn lenings gedeeltelik vergoed deur 'n toename van ander langtermyn laste.

4. VERANDERING IN BUITELANDSE BATES GEDURENDE 1963

Aansienlike toename in buitelandse bates

Suid-Afrika se totale buitelandse bates het gedurende 1963 met R128 miljoen tot R1,450 miljoen toegeneem. Soos gedurende die twee

3) Die oorplasing van die inwonerskap van 'n belangrike maatskappy vanaf die Verenigde Koninkryk na Suid-Afrika gedurende die jaar het 'n aansienlike invloed op hierdie syfer gehad.

voorafgaande jare het die toename hoofsaaklik voorgekom in die buitelandse bates wat gehou word deur die Suid-Afrikaanse Regering, die Reserwebank en die handelsbanke wat die houters van Suid-Afrika se offisiële goud- en buitelandse valutareserwes is. Die toename van R83 miljoen gedurende 1963 in die buitelandse bates van die offisiële sektor is dus in hoofsaak 'n weerspieëling van Suid-Afrika se gunstige betalingsbalans vir daardie jaar.

Tabel 4 — Buitelandse Bates volgens Hoofklasse (R miljoene)

Einde van die jaar	Offisiële Sektor		Private Sektor				Totaal buitelandse bates
	Goud-reserwes	Ander	Reg-streek-se belegging	Onreg-streek-se belegging	Sub-totaal	Verandering in Sub-totaal	
1956	160	243	243	178	421		823
1957	155	187	279	177	456	+35	798
1958	151	189	310	178	488	+32	828
1959	171	288	324	189	513	+25	971
1960	127	210	355	206	561	+48	898
1961	213	254	399	210	609	+48	1,076
1962	356	319	443	204	647	+38	1,322
1963	450	308	483	209	692	+45	1,450

Gedurende die jaar het die buitelandse bates gehou deur ander Suid-Afrikaanse inwoners met R45 miljoen toegeneem waarvan R40 miljoen addisionele belegging in buitelandse ondernemings, wat vanaf Suid-Afrika beheer word, verteenwoordig. Hierdie toename is hoofsaaklik veroorsaak deur herbelegde winste en deur die oordrag van die inwonerskap van 'n belangrike maatskappy vanaf Londen na Suid-Afrika, waarna reeds hierbo verwys is.

Die aard van die buitelandse bates van die Suid-Afrikaanse offisiële sektor

